



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

®

Beleid oor Korporatiewebestuursoorsig en Bestuursbeheer

Verwysingsnommer	1P/1
Verantwoordelike uitvoerende bestuurder	Uitvoerende Direkteur Finansies en Fasiliteite
Beleideienaar	Direkteur: Interne oudit
Verantwoordelike afdeling	Interne Oudit
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur die	Raad
Datum van goedkeuring	18 November 2011
Wysigings	
Datum van wysigings	
Hersieningsdatum	Einde 2013
Reëls en riglyne ingevolge hierdie beleid	Geen.
Webadres van hierdie beleid	http://www.nwu.ac.za/af/content/beleide-en-reels
Adres van die beleiddatabasis	RMA SHARE 2.1.3.1_policy review-database-1P-1_governance oversight_a.docm

Beleid oor Korporatiewebestuursoorsig en Bestuursbeheer

1 Aanhef

As 'n toonaangewende universiteit in Afrika, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie, met 'n unieke institusionele kultuur gegrond op die waardes wat die Universiteit voorstaan, het die Noordwes-Universiteit hierdie beleid oor korporatiewebestuursoorsig en bestuursbeheer op 18 November 2012 goedgekeur.

2 Beleidsverklaring

Hierdie beleid is baie belangrik vir die goeie en doeltreffende korporatiewe bestuur van hierdie Universiteit. Dit fokus op die verantwoordelikheid van sekere korporatiewebestuurstrukture om beheer oor die werksaamhede van die Universiteit uit te oefen.

Daar is vyf verbandhoudende komponente van interne beheer wat teenwoordig en aktief moet wees, en 'n geïntegreerde beheerstelsel vorm:

- (1) Die beheeromgewing, wat die integriteit, etiese waardes en bevoegdheid van die Universiteit se werknemers insluit.
- (2) Risikoboordeling.
- (3) Beheeraktiwiteite.
- (4) Inligting en kommunikasies.
- (5) Monitering.

2.1 Prosesse

Bestuur is belas met die verantwoordelikheid vir die vestiging van 'n netwerk van prosesse met die doel om beheer oor die werksaamhede van die Universiteit uit te oefen op so 'n wyse wat die Raad 'n redelike versekering gee dat:

- Data en inligting (soos vervat in die rekords van die NWU- en ERP-stelsels), hetsy intern of ekstern gepubliseer, akkuraat, betroubaar en tydig is, en ooreenkomstig die Rekordbestuursbeleid van die NWU en die inligtingsbestuursraamwerk bestuur word.
- Die optredes van bestuurders en werknemers in ooreenstemming is met die Universiteit se planne, beleide, prosedures, standaarde, sowel as alle relevante wette en regulasies.
- Die Universiteit se hulpbronne (insluitende sy mense, stelsels en data-/inligtingbasse) genoegsaam beskerm word.
- Hulpbronne ekonomies bekom en winsgewend aangewend word; voortdurende verbetering en besigheidsprosesse van hoogstaande gehalte benadruk word.
- Die Universiteit se planne, programme, doelwitte en doelstellings bereik word.

2.2 Beheer

Beheer is 'n funksie van bestuur en is 'n integrale deel van die oorkoepelende proses van die bestuur van werksaamhede. As sodanig is dit die verantwoordelikheid van die bestuurders op alle vlakke van die Universiteit om:

- Die blootstelling aan verlies (risiko's) wat verband hou met hul betrokke gebied van werksaamhede te identifiseer en te evalueer.
- Planne, beleide, bedryfstandaarde, prosedures, stelsels en ander dissiplines te spesifiseer en te vestig wat die risiko's wat met die geïdentifiseerde blootstelling (risiko's) verband hou te minimaliseer, te verlig en/of te beperk.

- Praktiese beheerprosesse te vestig wat van direkteure, beamptes en ander werknemers vereis en aanmoedig om hul pligte en verantwoordelikhede op 'n wyse uit te voer dat die vyf beheerdoelstellings wat in die voorafgaande paragraaf uiteengesit is, bereik word.
- Die doeltreffendheid van die beheerprosesse te handhaaf wat hulle gevestig het en die deurlopende verbetering van hierdie prosesse te bevorder.

2.3 Interne Ouditfunksie

Die interne ouditfunksie is belas met die verantwoordelikheid om te verseker dat die deurlopende prosesse vir die beheer van werksaamhede regdeur die hele organisasie voldoende ontwerp is en op 'n doeltreffende wyse funksioneer. Interne oudit is ook verantwoordelik vir verslagdoening aan die Bestuur en die Komitee vir Oudit, Risiko en Voldoening oor die toereikendheid en doeltreffendheid van die Universiteit se stelsels vir interne beheer, tesame met idees, raad en aanbevelings om die stelsels te verbeter.

Die interne ouditfunksie moet tot die korporatiewebestuurprosesse bydra deur die evaluering/verbetering van die prosesse waardeur (1) waardes en doelwitte gevestig en aanbeveel word; (2) bereiking van doelwitte gemonitor word, (3) aanspreeklikheid verseker word; en (4) waardes bewaar word.

2.4 Komitee vir Oudit, Risiko en Voldoening

Die Komitee vir Oudit, Risiko en Voldoening is verantwoordelik vir die monitering, toesighouding en evaluering van die pligte en verantwoordelikhede van die bestuur, die interne ouditaktiwiteit, en die eksterne ouditeure omdat daardie pligte en verantwoordelikhede verband hou met die Universiteit se prosesse vir beheer van sy werksaamhede.

Die Komitee vir Oudit, Risiko en Voldoening is ook verantwoordelik vir die vasstelling dat alle groot kwessies wat deur die interne ouditaktiwiteit, die eksterne ouditeur, en ander buite-adviseurs aangemeld is, bevredigend opgelos is. Ten slotte, die Komitee vir Oudit, Risiko en Voldoening is verantwoordelik vir verslagdoening aan die Raad oor alle belangrike sake met betrekking tot die Universiteit se beheer- en risikobestuurprosesse.

3 Begripsomskrywing

- 3.1 Interne beheer – breedweg omskryf as 'n proses, wat geraak word deur die Raad, Institusionele Bestuur, en ander personeel, wat ontwerp is om redelike versekering te verskaf ten opsigte van die bereiking van doelwitte in die volgende drie kategorieë: effektiwiteit en doeltreffendheid van werksaamhede, betroubaarheid van finansiële verslagdoening, en die nakoming van toepaslike wette en regulasies, die Universiteitsbeleid, prosedures en praktyke.
- 3.2 Senior Bestuur – verwys na institusionele en kampusbesture, wat uitvoerende direkteure, kampusrektore, viserektore en dekane insluit.
- 3.3 Bestuur – alle bedryfsbestuurders op alle vlakke en toesighouers.

4 Reëls, rolle, verantwoordelikhede en aanspreeklikheid

- 4.1 Die korporatiewebestuurstruktuur van die Universiteit is die verantwoordelikheid van die "oorsiggroep" (Raad, komitees van die Raad en die belanghebbendes van die Universiteit). Deur delegering van gesag word die "rentmeesterskapgroep" (hoof uitvoerende beampte en ander lede van die Institusionele Bestuur van die Universiteit) die eksekuteure van die korporatiewe bestuurprosesse.
- 4.2 Die Universiteit se risikobestuurraamwerk, waarop die Komitee vir Oudit, Risiko en Voldoening ('n komitee van die Raad) strategiese leiding gee en toesig uitoefen en wat die primêre fokus van die "rentmeesterskapgroep" (Institusionele Bestuur) is, verteenwoordig die prosesse waardeur breë strategieë ingestel word en die Universiteit se hulpbronne toegeken word.
- 4.3 Die verdere delegering van gesag, die toekenning van verantwoordelikhede vir die implementering van strategieë en die ontplooiing van hulpbronne, en die verwante bestuurbeheermaatreëls oor hierdie prosesse (insluitend die besluitondersteuningsinligtingstelsels) omskryf die belangrikste funksies van die "prestasiegroep" (bedryfs- en ondersteuningafdelingbestuur).
- 4.4 Die toesig- en moniteringsmeganismes wat op verskillende vlakke van die Universiteit ingestel is (en in die versekeringsforum gekombineer is), insluitend selfevaluering en terugvoer van die resultate deur die bestuurverslagdoeningstelsels, voltooi die sirkel van aanspreeklikheid met die "rentmeesterskap-

en oorsiggroep". Die verwante monitering (soos oudit, evaluering van gehalte, prosesverbetering, en ander interne konsultasie-aktiwiteite) is die take van die "versekeringsgroep" wat die gerapporteerde resultate bekragtig, verbeterings voorstel, en andersins help om die Universiteit se doeltreffendheid te verbeter.

- 4.5 Dit is die verantwoordelikheid van alle bestuurders om te verseker dat die beleid onder alle omstandighede nagekom word en om volle verantwoordelikheid vir gepaste beleide te neem (ontwikkel in ooreenstemming met die Beleid oor die Generering en Goedkeuring van Beleide) wat op hulle gebiede van verantwoordelikheid geïmplementeer word.

Oorspronklike besonderhede: Madelein van der Merwe(11987774) SHARE 1P-1_governance oversight_a.docm
21 September 2011

Lêerverwysing: 1P-1-governance oversight_a